# 24-7 GEBED vir Herlewing

## 27 Julie – 2 Augustus 2026

## LANDBOU EN LANDBOUGEMEENSKAP

***U laat gras uitspruit vir die diere,***
***en groen plante vir die mens***
***sodat hy sy kos uit die aarde kan kry:***
**(Psalm 104:14)**



Boere en almal wat die land bewerk, word voortdurend aan die elemente blootgestel. Hulle volhard wanneer die omstandighede teen hulle tel en leef elke dag in volkome afhanklikheid van God, die Skepper van hemel en aarde.

Sluit hierdie week by ons aan terwyl ons bid vir hierdie kosbare mense wat lang ure werk om voedsel vir die nasies te voorsien. Laat ons bo alles bid dat hulle die Here Jesus Christus persoonlik sal leer ken, in hulle verhouding met Hom sal groei en Sy getrouheid sal beleef te midde van baie uitdagings.

---

## MAANDAG 27 JULIE 2026

**KLIMAATSVERANDERING EN UITERSTE WEERSTOESTANDE**

*… sal Ek vir julle reën gee op die regte tyd, sodat die lande oeste sal lewer en die bome vrugte sal dra.* (Levitikus 26:4).

**El Niño**: Voorspellings dui daarop dat El Niño in die komende seisoen kan ontwikkel. Hierdie natuurlike klimaatspatroon lei dikwels tot warmer en droër toestande oor Suider-Afrika, Asië en die Stille Oseaan, en Sentraal- en Suid-Amerika wat die risiko van droogte en brande verhoog en verdere druk op boeregemeenskappe plaas.

**Laat ons bid**

- Bid vir boerderybedrywighede wat deur droogtes en oorstromings geraak word, en vir hulp aan dié wat verliese gely het.
- Vra vir die Here om aan boere wysheid te gee oor hoe om vir die voorspelde El Niño voor te berei, sodat oes- en veeverliese tot die minimum beperk kan word.
- Bid dat **boere nie deur vrees oorweldig sal word nie**, maar op die Here Jesus Christus sal vertrou, met die wete dat Hy oor die skepping regeer en in elke seisoen getrou bly (2 Timoteus 1:7).

**Getuienis**

**Suider-Afrika**

Die droogte het oor groot dele van die Bo-Karoo, Boesmanland, die Kalahari en Namibië gebreek (Business Day, 23 Junie 2026).

---

## DINSDAG 28 JULIE 2026

**KONFLIK EN GEOPOLITIEKE ONSTABILITEIT**

*God self het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."* (Hebreërs 13:5).

**Konflik in die Midde-Ooste:** Die konflik in die Midde-Ooste het die energie- en kunsmismarkte ontwrig, wat tot skerp stygings in die pryse van kunsmis en aardgas regoor Europa gelei het. Baie boere het met hoër produksiekoste, verminderde gebruik van kunsmis en moeilike plantbesluite te kampe gehad, wat kommer oor toekomstige oeste en voedselsekerheid laat toeneem het.

**Laat ons bid**

- Bid dat die Here boerderygemeenskappe sal versterk, in hul behoeftes sal voorsien en aan regerings en landbouleiers wysheid sal gee om hierdie uitdagings te hanteer.
- Bid vir **boere en hul huishoudings**, vir gereelde tye van gesamentlike Bybelstudie, gebed en samesyn (Josua 24:15).

**Getuienis**

**Groeiende oliesade-oeste**

Ten spyte van stygende insetkoste en wêreldwye onsekerheid, sal die produksie van oliesade in Europa na verwagting toeneem met 3,1% in 2026. Dit word ondersteun deur groter sonneblom-aanplantings en verbeterde opbrengste. Die produksie van oliesaadmeel kan selfs 'n rekordvlak bereik (European Commission, 3 Julie 2026).

---

## WOENSDAG 29 JULIE 2026

**VERANDERENDE MARKPRYSE**

*God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood. Daarom is ons nie bang nie...* (Psalm 46:2-3a).

**Ekonomiese onsekerheid:** Brasiliaanse boere is een voorbeeld van baie boerderygemeenskappe wêreldwyd wat wisselende pryse, handelsonsekerheid, stygende insetkoste en ekonomiese onstabiliteit ervaar, wat boerdery-inkomste al hoe meer onvoorspelbaar maak.

**Laat ons bid**

- Bid vir Brasiliaanse boere, en dié in jou eie land, om God se wysheid in onseker tye te soek en Sy stem in getroue gehoorsaamheid te volg.
- Bid dat **boere en hul werkers saam sterker sal word** in moeilike tye, mekaar met respek sal behandel en alles tot eer van die Here sal doen (1 Korintiërs 10:31).

**Getuienis**

**Saam in geloof**

Ten spyte van onvoorspelbare weer, stygende koste en baie uitdagings, het 'n suikerrietboer en medeboere saam in geloof volhard. Deur boerdery as God se roeping te beskou, het hulle voortgegaan om te bid, te werk en mekaar te ondersteun, en God te dank vir die versterking van hul gemeenskap en die instandhouding van hul lewensbestaan (UN South Africa, 20 April 2026).

---

## DONDERDAG 30 JULIE 2026

**HAWENS EN LANDBOUHANDEL**

*Hoe kosbaar is u trou, o God! U beskerm die mense wat by U skuil.* (Psalm 36:8).

Hawens speel 'n noodsaaklike rol in die landbou deur boere met internasionale markte te verbind en noodsaaklike landbou-insette, soos kunsmis, saad en toerusting, te voorsien. Wanneer hawens deur opeenhoping, konflik of uiterste weersomstandighede vertraag word, vertraag uitvoere, koste styg en kan plant- of oestyd ontwrig word, wat verdere druk op boeregemeenskappe plaas.

**Laat ons bid**

- Vra die Here om goddelike wysheid, integriteit en doeltreffendheid aan regerings, hawe-owerhede, doeane-amptenare en vervoernetwerke te gee, sodat landbouhandel glad en regverdig kan verloop.
- Bid dat **boeregesinne op die Here sal fokus vir hul voorsiening** terwyl hulle Hom vertrou dat uitgevoerde produkte veilig hul bestemming sal bereik, aan gehaltestandaarde sal voldoen en regverdige opbrengste vir boerderygemeenskappe sal lewer (Filippense 4:6-7).

**Getuienis**

**Grootste sitrusuitvoerder**

Suid-Afrika het in 2025 die wêreld se grootste sitrusuitvoerder volgens volume geword, met ongeveer 2,9 miljoen ton sitrus wat Spanje vir die eerste keer verbygesteek het – 'n bewys van die toewyding van boere, plaaswerkers en die hele landbouvoorsieningsketting (Engineering News, 11 Mei 2026).

---

## VRYDAG 31 JULIE 2026

**ARBEIDSTEKORTE EN VEROUDERENDE LANDBOUBEVOLKINGS**

*… die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooie gehoorsaam…* (Deuteronomium 7:9).

Talle landelike gemeenskappe sukkel om jonger geslagte na die landbou te lok. Arbeidstekorte verhoog produksiekoste en verminder produktiwiteit, veral tydens plant- en oesseisoene.

**Laat ons bid**

- Bid dat jonger geslagte die belangrikheid van landbou vir voedselsekerheid sal besef en die nodige vaardighede vir boerdery sal ontwikkel.
- Bid dat **boere hul kinders** deursettingsvermoë sal leer, om op die Here te vertrou en 'n liefde vir die land, sodat hierdie waardes van een geslag na die volgende oorgedra sal word (Psalm 145:4).

**Getuienis**

**'n Nuwe generasie boere**

'n Jong egpaar uit Zambië het hul kantoorwerk verlaat om kleinskaalse boere te word. Ten spyte van droogte, watertekorte en wisselvallige oeste het hulle volhard, nuwe vaardighede aangeleer en klimaatslim boerderymetodes toegepas. Hulle groeiende groente-onderneming voorsien nou plaaslike markte en het ten doel om geleenthede vir ander jong boere te skep (Food and Agriculture Organization for the United Nations , 10 Junie 2026).

---

## SATERDAG 1 AUGUSTUS 2026

**WATERSKAARSHEID**

*U sorg vir die land en gee oorvloed, U maak dit baie vrugbaar. Die groot riviere is vol water, U laat die koring welig staan. Alles is u werk!* (Psalm 65:10).

Die landbou gebruik ongeveer 70% van die wêreld se varswater. Watertekorte, dalende grondwatervlakke en langdurige droogtes bedreig besproeiing, veeboerdery en voedselproduksie.

**Laat ons bid**

- Bid vir die instandhouding en bestuur van besproeiingsdamme, kanale, pyplyne en waterinfrastruktuur.
- Bid dat regerings, waterowerhede en plaaslike munisipaliteite waterbronne wys sal bestuur. Bid dat volgelinge van Christus die voorbeeld sal stel deur riviere, damme en grondwater teen besoedeling te beskerm, wat oeste kan benadeel en die gesondheid van vee kan beïnvloed.
- Bid dat Christenboere voortdurend die Here in gebed en belydenis sal soek en Hom sal vra om die grond wat hulle besit en bestuur, te genees en te beskerm (2 Kronieke 7:14).

**Getuienis**

**Voorbereiding vir die seisoene**

'n Rysboerin in Kambodja het geleer om by veranderende reënvalpatrone aan te pas deur planttye aan te pas en klimaatsbestande rysvariëteite te gebruik. Ten spyte van onvoorspelbare moesonseisoene het God haar volharding met beter oeste geseën, wat genoeg voorsien het om haar gesin te onderhou en kwaliteit saad aan ander boere te verkoop (Food and Agriculture Organization for the United Nations, 8 September 2025).

---

## SONDAG 2 AUGUSTUS 2026

**VERLIES AAN BIODIVERSITEIT EN BESTUIWERS**

*"heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."* (Genesis 1:26).

Die afname in die getalle bye, skoenlappers, voëls en voordelige grondorganismes verminder bestuiwing, natuurlike plaagbeheer en veerkragtigheid van ekosisteme wat langtermyn voedselproduksie bedreig.

**Laat ons bid**

- Dank God vir die ryke verskeidenheid van Sy skepping en vra Hom om ons te help om die voëls, insekte, diere en ekosisteme wat Hy aan ons toevertrou het, getrou te bewaar en te bestuur (Genesis 1:26).
- Bid vir wysheid vir boere, navorsers en natuurbewaarders om volhoubare boerderypraktyke toe te pas wat biodiversiteit beskerm, grondgesondheid verbeter en die natuurlike balans van die skepping bewaar.
- Bid dat boere se kinders God se skepping sal waardeer en sal leer om met dankbaarheid, wysheid en verantwoordelikheid die land te versorg soos hulle deur hul ouers en grootouers geleer word.

**Getuienis**

**Herstel van biodiversiteit**

'n Ugandese koffieboer het gesukkel met verwoestende koffieplae, ten spyte van die herhaalde gebruik van plaagdoders. Nadat hy biodiversiteitsvriendelike boerderypraktyke begin toepas het wat voordelige insekte bevorder en natuurlike habitatte herstel het, het die plaagdruk afgeneem. Dit het gehelp om sy koffie-oes én die gesondheid van sy plaas se ekosisteem te beskerm. (Food and Agriculture Organization for the the United Nations, 24 Februarie 2025).

---